



Thokozile die meerkat

Skrywer: *Else Röhrs en Edith Kriel*

Kunswerk: *Angelica Eftyehis*

Tema: *Dwelm-misbruik*

Gepaste ouderdomsgroep: *alle ouderdomme*



Thokozile was 'n gelukkige meerkat, altyd vol vreugde en maklik om te glimlag. Sy naam het hom perfek gepas want dit beteken "geluk" in isiZulu, een van Suid-Afrika se tale. Thokozile – sy maats het hom Thoko genoem genoem – was mal daarvoor om met die ander tiener meerkatte te speel. Hy het met sy familie en die res van die trop in 'n warm, sanderige, woestynagtige area gebly. Deur die dag het hulle vir kos gesoek en in die nag het hulle in ondergrond tonnels geslaap. Elke keer wat hulle gevaar aanvoel kan hulle blitsvinnig in hulle tonnels verdwyn.


Eendag het 'n vreemde meerkat die trop kom besoek. Aan die begin het hulle hm heelyd weggejaag maar hy het aanhou terugkom. Hy het die ouer meerkatte of hy kon bly want hy was weggejaag van die ander troppe. Die ouer meerkatte het daarvoor gepraat. Hulle het nie regtig van die nuwe meerkat gehou nie maar hulle het hom jammer gekry. Hulle het hom toegelaat om by die trop te by maar hy het moeilikheid veroorsaak van die begin af. Dis hoe hy die naam Bengu (kort vir Skebengu wat skelm in isiZulu beteken) gekry het.

Bengu het met die tiener meerkatte uitgehang meeste van die tyd. Eendag, terwyl die trop opsoek was na kos in die veld, het Bengu 'n stil gesprek met drie van die jongste tieners, Thoko en sy twee vriende, gehad. Bengu het op die ou end gesê: "Julle sal die lekkerste ding kry om te eet as julle met my kom – dis nie te ver nie, net waar die grootmense en die res van die trop ons nie kan sien nie". Natuurlik was die drie tieners nuuskierig en het Bengu gevolg maar was verras toe hy onder 'n normale bos stop en begin krap tot hy vind wat hy onder dit weggesteek het.

Die drie jong meerkatte kon nie wag om die lekker kos te sien wat Bengu hulle belowe het nie. Hulle was deurmekaar en teleurgesteld toe hy hulle saadjies offer. Toe Thoko sê: "Ons is honger maar ons hou nie van saadjies nie", het Bengu aangedring: "Julle MOET hierdie saadjies eet – dit sal julle SO GOED laat voel!" Op die ou end het hy twee van die tieners oortuig maar Thoko het geweier.

Thoko kon sien hoe sy twee maats verander na hulle die saadjies geëet het. Hulle het begin giggel en hard praat en hulle het opgetree asof die wêreld aan hulle behoort. Hulle het weg van die bos geloop en in 'n oop veld. Toe Thoko skree: "Oppas! 'n Arend sal julle maklik kan sien!", het hulle net gelag. Gelukkig was daar geen arende nie so hulle het veilig by die huis aangekom. Thoko het gaan speel met die ander jong meerkatte maar die twee maats het reguit na hulle tonnels geloop en gaan slaap.

Bengu het hulle maak belowe om niemand van die saadjies te vertel nie maar op een of ander manier het die nuus onder die ander jong meerkatte uitgesprei. Elke oggend het meer van die jong meerkatte met Bengu verdwyn. Daar was verskillende reaksies vir die saadjies – sommige van die meerkatte het baie aggressief geraak, ander het baie gelag, sommige het aan die slaap geval, ander het blitsvinnig rondgehardloop vir ure. Maar almal van hulle het roekeloos begin raak en nie planne goed deurdink nie. Een jonge wat in die oop veld gaan slaap het was nooit weer gesien nie.



Binnkort het Thoko se vriende verslaaf geraak aan die saadjies – hulle moes 'n saadjie elke lieue dag hê. Hulle het Thoko geterg dat hy nog nooit eers 'n saadjie geproe het nie so eendag besluit hy om dit te probeer. Al die ander meerkatte het hande geklap want nou was hy een van hulle. Aan die begin het Thoko aaklig gevoel maar toe voel hy asof hy op 'n wolkie sweef sonder enige stres. Bengu het stilletjies vir homself geglimlag – sy plan het gewerk.

Die ouer meerkatte het probeer uitwerk wat aan die gang is. Hulle het gesien dat die jong meerkatte verdwyn vir 'n ruk en dan wanneer hulle terugkom wil hulle net slaap vir die res van die dag. Hulle wou nie meer uitgaan om te soek vir kos nie so hulle het baie maer geword. Hulle het nie meer vir hulself, hul families, of hulle tonnells gesorg nie.

Dit het als volgens Bengu se plan gegaan. Elke oggend het die jong meerkatte angstig gewag vir hulle gratis daaglikse gelukkigheid. Maar een oggend het Bengu aangekondig: "Van nou af verwag ek ses besies in ruil vir een saad. Kom more terug met die besies". Die verslaafdes was desperaat. Hulle het gesoebat en gesmeek en geskree en gedreig maar Bengu het net geglimlag.

Eweskielik swerf 'n arend af en gryp Thoko en vlieg weg met hom. Thoko was sterker as gewoonlik want hy het nie sy saadjie gehad daardie oggend nie en kon homself toe vry kry van die arend se sterk kloue. Hy het op die grond geland met 'n harde doef, vol bloukollie en geskraap maar nogsteeds lewendig. Intussen het die ander tieners teruggehardloop na hulle tonnells om weg te kom van die arend,=. Hulle het nie besef dat Thoko oorleef het nie.

Thoko het al die ouers bymekaar geroep. Die ander tieners het almal in hulle tonnells weggekrui. Thoko het die ouers vertel van die saadjies wat Bengu onder die bos weggesteek hou. Hy het vertel van hoe Bengu hulle oortuig het om die saadjies te eet, en hoe hulle verslaaf geraak het daaraan en hoe hulle dit nou elke dag nodig het. Hy het ook verduidelik hoe die saadjies hulle aan die begin goed laat voel het, maar hoe hulle later snaaks opgetree het.

Die ouers het Bengu uit sy tonnel getrek. Hulle het op hom begin skree, hom gebyt met hulle skerp tande, en hom selfs gekrap. Hulle het hom gesê om te loop en nooit weer terug te kom nie. Bengu het vinnig weggehardloop en niemand het hom ooit weer gesien nie. Die ouers het na die bos gegaan waar Bengu die saadjies weggesteek het. Hulle het als gevat en dit in 'n diep slangput gegooi.

Die ouers het al die tiener meerkatte bymekaar geroep. Hulle het verduidelik dat die saadjies wat Bengu hulle gegee het verslawend was en baie gevaarlik is vir jou liggaam, brein en hart. Hulle was gelukkig dat Thoko hulle vertel het van Bengu en hulle het ontslae geraak van hom. Dit sal tyd vat vir die jong meerkatte om gewoon te raak daaraan om sonder die saadjies te lewe, en hulle mag dalk bietjie siek voel tot die effek van die saadjies uit die liggaam is, voordat dinge weer terug na normal is vir die trop.

'n Rukkie later kon jy sien die trop was weer gelukkig, en al die jonges was weer buite besig om te speel en 'n lekker tyd te hê.

?